

Inhoud Dankdag vir reën. Hierdie preek wys die verskil tussen hoe gelowiges in die vertroue van God se troue liefde leef teenoor goddeloses wat ons wil verkul om te glo en te leef volgens die lot waarmee hulle met hul kragte en magte oor ons wil beskik. Die hele skepping is God se skepping en met elke deel van sy skepping versorg Hy vir ons in sy troue liefde. Daarom kan ons sy skepping nie sien as gode of net godlose natuurkragte volgens moderne wetenskaplikes wat ons lot bepaal nie. Wie in die lot glo wat magtiges oor jou bring, rig hulle lewe in om gedienstig aan die mag van die magtiges te wees. Wie in God se sorg glo, rig hulle lewe in volgens die voorskrifte en bepalings van sy wet. Die nuwe afgod wie jou voor die lot wil laat buig van die nuwe nasie – is die “grenslose Jesus” wat deur predikante opgemaak is om jou jou lot voor die mag van die nuwe nasie te laat aanvaar.

Skriflesing Ps. 147; Mat. 5: 17 – 20.

Teks Ps. 147: 1 “Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is ’n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.”

Tema Ons leef in God se sorg, goddeloses bepaal nie ons lot nie.

1. Leef ons in hierdie wêreld in die sorg van God of bepaal goddeloses ons lot?

Die antwoord op hierdie vraag is die openbaring van wie God vir ons is in die geloofsbelydenis oor God in hierdie Psalm: God sorg vir ons, goddeloses bepaal nie met hul mag en geweld ons lot nie.

’n Mens sien jou lot in die sterre!

Dit is die geloofsoortuiging van die Babiloniërs gewees wat Israel in ballingskap van hul land af weggevoer het. Mense moet na die sterre kyk en in die sterre sal jy sien wat gaan met jou gebeur en hoe moet jy optree omdat dit met jou gaan gebeur!

Die kinders! Wanneer ons op helder aande na die sterre kyk, wat sien ’n mens as jy sterre kyk? Jy sien sterre! Dit is miljoene en miljoene ander planete en sonne net soos ons son en aarde.

Die Babiloniërs van die Bybelse tyd, vandag noem ons hul land Irak en die mense wat daar bly Irakese, het heeltemal iets anders gesien wanneer hulle na die sterre gekyk het. Hulle het geglo hulle sien wat die volgende dag, of week of jaar met jou gaan gebeur. Dit wat die sterre vir jou wys wat met jou gaan gebeur, kan jy nie keer nie. Jy moet dit aanvaar dit gaan gebeur soos die sterre dit wys. Dit noem ons jou lot! Jy kan niks doen om te keer wat met jou gaan gebeur of dit verander nie. Dit is jou lot en die sterre wys dit. Daarom moet jy jou lewe inrig volgens jou lot.

Hoe kan sterre dit wys? Hulle het geglo hierdie sterre wat in die nag skyn is gode en hierdie gode besluit wat hulle met jou gaan doen en met jou gaan laat gebeur! Lekker simpel nê! Hulle het geglo sonne en planete is gode wat vir jou en oor jou lewe besluite neem. Daarom moet jy jou lewe inrig volgens hierdie sterregode se besluite.

2. Dit is wat hulle predikante vir hulle in daardie tyd geleer het. Jy gaan na hulle as predikante toe, vra vir hulle wat sê die sterregode en dan kyk hulle na hierdie sterregode in die nag en vertel vir jou wat gaan met jou gebeur.

Die priesters sê vir jou wat die sterre wys!

Kulkunstenaars! Julle weet mos wat is kulkunstenaars! Dit is mense wat jou fop. Hulle wys vir jou waar om te kyk, net om jou aandag af te trek sodat hulle iets anders doen wat jou oortuig hulle doen wonderwerke!

Hierdie priesters laat jou na sterre kyk om te sien wat gaan gebeur, maar die Babiloniërs doen iets heeltemal anders wat jou oortuig jy sien jou lot! Die Psalmskrywer wys dit in vers 10: “Die Here het niks aan die krag van ’n perd of die liggaamskrag van ’n soldaat nie.” Hulle perde is vandag se tenks en hulle soldate se spierkrag is vandag se gewere en wapens. Dit is hoe dit regtig werk! Wanneer jy na hierdie reuse weermag kyk met al die tenks en honderde duisende soldate met al hul gevaarlike wapens wat voor hierdie vet mannetjie voor ’n verhoog verby ry, dan weet jy jy gaan jou sterre sien! Alles wat die predikante vir jou in die sterre wys, weet jy as jy na die mag en krag van hierdie geweldenare en hul wapens kyk!

Dit is die kulkuns! Alles wat vir jou in die sterre gewys word, glo jy want jy het die mag en geweld van die weermag gesien! Die predikante wys jou jou lot in die sterre, maar die mag en geweld van die magtiges laat jou jou lot aanvaar. Jy onderwerp jou aan wat hulle met hulle mag aan jou gaan doen, wat jy kamstig in die sterre sien.

3. Daarom moet ons die besondere geloofsbelydenis van die Psalmskrywer hoor in hierdie woorde in vers 4: “Hy besluit oor die getal van die sterre en gee elkeen ’n naam. Die Here is groot en magtig, sy kennis is onbegrens.” Hiermee bely hy wat in twee ander Psalms ook oor God bely word. In Psalm 104: 19 word openbaar: “God het die son en maan gemaak sodat mense werkstyd en slaaptyd het. Dit is hoe God vir die mens ’n lewensritme gee. Die son en maan is nie gode soos al die mense geglo het nie. In Psalm 136: 9 openbaar God die son, maan en sterre is ligte wat Hy gemaak het vir mense, twee groot ligte en dan klein kersies, sterre in die nag. Dit is nie gode nie.

Só! Wat het gelowiges in die sterre gesien wanneer hulle in die nag sterre gekyk het? Terwyl al die nasies van Suid – Amerika tot in China gode in die lug gesien het, wat besluit wat hulle met jou gaan doen en laat gebeur?

- Hulle sien groot en klein liggies wat God gemaak het.
- Hulle sien hoe God met hierdie ligte vir ons werkstyd en slaaptyd gee, maar ook lig as ons in die nag iewers heen moet gaan.
- Hulle sien nie gode nie, maar ligte wat God gemaak het, elkeen en omdat Hy hulle gemaak het, het Hy vir elkeen 'n naam, dit is sy besittings.

Hulle sien nie gode wat oor hulle besluit neem en hulle lot bepaal nie. Hulle sien die wonderlike handwerk van God wat ons Skepper is!

Wie was reg en wie was verkeerd gewees? Die Babiloniërs met al hul geleerdes en wetenskaplikes en hul groot weermag en magtige leiers, of die gelowige wat met hierdie Psalm God geloof het?

Alles wat hierdie gelowige God voor geloof het, is vandag nog waar en al die wetenskaplike kennis, godekennis en politieke kennis van die Babiloniërs wat mense se lot in sterre gesien het, is vandag nog somer nonsens.

4. Hoekom is sterre vir hierdie gelowige somer net sterre en sien hy geen godebesluite, sy lot en hoe hy volgens sy lot in sterre moet leef nie?

Die Nuwe Direkte Afrikaanse Vertaling stel dit so in vers 11: “Die Here vind vreugde in hulle wat vir Hom ontsag het, wat hulle hoop vestig op sy troue liefde.” Vers 10 stel dat die Here nie vreugde vind in die krag van tenks en soldate nie!

“Troue liefde” is die Hebreeuse woord wat wys hoe God ons God is. Hy is ons God volgens sy verbondsbelofte soos ons dit in Eseg. 3: 24 – en Jer. 31: 31 – kry. In hierdie troue liefde sorg God dat Hy altyd alles vir ons is en doen wat God vir sy kinders doen, en nog meer, Hy sorg dat ons altyd sy kinders is wat sy liefde ken en in sy liefde liefde leef.

Ons leef met die vaste vertrouwe in die troue liefde van God en sy verbond met ons. Daarom stel ons ons hoop in wat God met ons gaan doen, wat Hy oor ons besluit en hoe Hy vir ons gaan sorg, en nie in sterre nie.

Omdat ons ons vertrouwe en hoop op God se troue liefde stel, sien ons alles wat Hy gemaak het as sy skepping waarmee Hy vir ons sorg. Ons sien nêrens gode en magtige mense wat ons lot gaan bepaal nie!

Daarom is sterre somer net sterre! Wind somer net wind! Reën somer net reën! Sneeu somer net sneeu! Ryp somer net ryp! Alles is God se skepping waarmee Hy vir ons sorg. Niks is gode, kragte en magte wat ons lot bepaal nie.

5. Ons leef in die vreugde van God!

Dit beteken ons leef met God wie bly is om ons God te wees en vir wie dit 'n vreugde is om ons binne sy sorg en liefde te laat leef! Dit is vir God lekker om vir ons God te wees en vir ons te sorg.

Die wyse waarop God vir ons sorg binne sy troue liefde beskryf die Psalmskrywer so!

- Hy maak die sluitbalke van jou poorte sterk!

Die ou stede het 'n muur omgehad met 'n groot houthek. Hierdie hek is toegehou met 'n sluitbalk. So kon jy keer dat slegte mense, kwaadwillige mense, mense wat jou wil benadeel en kom roof en plunder, nie in jou stad inkom nie. Só kon mense slegte mense uit hul lewe uithou! God sorg vir ons deur ons mense en 'n gemeenskap te maak wat sterk sluitbalke in ons lewe het waarmee ons elkeen wat ons kwaad wil aandoen, misbruik en sommer net op ons lewe en ons goed wil beslag lê en vat, uit ons lewe kan uithou! So sorg God vir ons!

- Vers 14 klink in die DAV só: "Dit is hy wat jou grense veilig stel." Daarom is daar in jou grondgebied vrede, want God gee vaste veilige grense!

Die enigste manier waarop daar vrede in 'n gebied kan wees, is waar daar grense is. Grense wat maak dat jy gesag kan uitoefen oor elkeen binne die grense. God gee aan mense en gemeenskappe altyd vaste sekere grense. So sorg God vir ons!

- God seën ons altyd.

Seën beteken Hy is as God goed vir ons en Hy laat dit met ons in sy troue liefde goed gaan. Binne die skepping beteken dit alle goeie dinge gee Hy en bewerk Hy vir ons en alle kwaad wat oor ons kom, gebruik die Here om vir ons goed te wees.

- God gee vir ons kos.

Dit is hoe God vir ons sorg, met 'n lewe waar ons slegte mense uit ons lewe kan uitsluit, binne sterk grense ons gesag kan uitoefen terwyl Hy vir ons goed is – ons kan werk en die vruggebruik van ons werk geniet! Hy gee so vir ons kos!

So leef ons in die vreugde van God! God vir wie dit goed en lekker is om so vir ons God te wees.

6. Hoe bewerk God dit vir ons?

Deur alles wat Hy gemaak het en dadelik op sy bevel reageer!

Die Psalmskrywer wys iets baie besonders oor hoe God deur alles wat Hy gemaak en en op sy bevel reageer – voor sorg in sy troue liefde. Hy wys dit deur twee uiterstes teenoor mekaar te stel: onuithoudbare koue en ondraaglike hitte!

Hier moet ons weer die kontras tussen hoe mense sien afgode met hulle maak en hoe gelowiges God se sorg in alles in die skepping sien, ontdek!

God stuur 'n bevel as Skepper en dadelik is daar sneeu, ryp en hael! In elke afgodsdien is hierdie die skrikwekkende vernietigende magte en die woedende optrede van hul afgode teen hulle.

Maar 'n gelowige sien sneeu as wol, iets wat God maak wat sag en knus is, nie die vernietigende woede van God nie; ryp as as wat God uitstrooi, dit is mooi wit en hael sien hy as broodkrummels wat God uitgooi, iets goeds vir sy skepping, volgens die NDAV.

Dan gee God bevel vir die warm woestynwind om te waai, en dit bring nie dood en ellende nie. Daarmee laat God al die sneeu, ys en hael vloeiende water word en vir alle diere, voëls en mense mee versorg met die groeikrag van die veld! Net soos Hy doen met wolke en reën in vers 8.

Goddeloses is bly oor reën, maar sien snerpande koue en gloeiende hitte as straf, vyandskap en woede van afgode! Gelowiges sien is alles wat hulle as vernietigende aardkragte sien, dieselfde sorg en liefde wat hulle in God se reën sien.

Want hulle weet dat hulle in die troue liefde van God leef. Daarom sien hulle nie hul lot in vernietigende aardkragte en magte nie, maar in elke deel van die skepping God se troue liefde. Niks bepaal ons lot nie en ons rig ons lewe nie in volgens ons lot nie. Alles is iets waarmee God ons in sy troue liefde versorg en vir ons goed sal wees.

7. Hoe leef ons in hierdie troue liefde van God?

Ons leef in en met die wysheid van sy wet in en vir ons lewe, ons rig ons lewe nie in volgens ons kamstige lot nie!

Dit word só gestel: “Hy maak sy woord aan Jakob bekend, sy voorskrifte en bepalings aan Israel. Dit het Hy vir geeneen van die ander nasies gedoen nie; hulle ken sy bepalings nie.” (verse 19 en 20)

Op die oog af lyk hierdie openbaring vreemd. Dit lyk asof God net sy wet vir gelowiges gee en dat goddeloses nie die wet van God ken nie. Lees ons dit só is dat nie waar nie, want alle nasies weet jy mag nie steel, egbreuk pleeg, lieg, moord pleeg, nie ander se goed begeer en jy moet gesag respekteer.

Ons moet mooi kyk wat word God se wet hier genoem! Dit word voorskrifte en bepalinge genoem. Dit is in Hebreeus “insette” en “verordeninge”. Insette beteken vaste sekere voorskrifte wat instellings in ’n gemeenskap tot stand bring en verordeninge dit wat orde bring in ’n gemeenskap.

Binne God se troue liefde is sy wet nie voorwaardes vir sy liefde en strafmaatreëls vir sondes nie. Dit is hoe goddeloses God se wet altyd sien – voorwaardes, dreigemente, inperkings en strafmaatreëls. Voorwaardes vir sy sorg en strafmaatreëls vir oortredinge.

Binne God se troue liefde is daar nie voorwaardes en inperkings vir sy sorg en seën nie en geen dreigemente en straf vir sonde nie. Dit is presies wat Christus in Matteus 5 aankondig wat Hy met God se wet kom doen het. Hy het geen reël komverander nie, maar elke wet kom vervul. Deur sy kruis en dood seën God ons altyd in sy troue liefde sonder voorwaardes en is hy verheug om ons God te wees al sukkel ons met gehoorsaamheid.

Vir ons is God se wet deel van sy sorg – Hy lei en wys ons hoe om deur die vaste voorskrifte van sy wil instellings op te rig en te bedryf in die gemeenskap en deur verordeninge van sy wil ’n vredevolle gemeenskaporde te skep.

8. God laat goddeloses dit nooit raaksien nie. Hulle sien net in sy wet wat hulle in die sterre en die mag en geweld van mense raaksien – voorwaardes vir jou lot en die strafmaatreëls van jou lot.

Goddeloses sien in alles net hul lot en hulle rig hul lewe in volgens die lot wat die magtiges het. Hulle leef nie met die geloof in God se liefdevolle trou en sorg volgens die wysheid van sy wet nie.

Om volgens die lot te leef van die magtiges en dit wat jy in die sterre, die natuur sien, beteken jy moet jou poorte vir hulle oopgooi. Jy mag nie slegte en eiemagtige mense uit jou lewe en gemeenskap uithou met sterk selfbeskerming nie. Jy moet jou aan die mag van die magtiges oorgee as ’n manier om jou lot te aanvaar. Jy moet hulle jou lewe laat binnedring en oorneem as die wyse waarop jy jou lot onder hulle mag aanvaar.

Om volgens jou lot te leef beteken jy mag nie meer jou eie grense hê waarbinne jy met jou eie gesag vaste instellings en vaste ordes skep waarbinne jy leef nie. Jy mag nie meer grense hê nie – die mag van die magtiges neem alle grense vir hul mag weg en maak alles en almal gelyk voor hulle mag, en jy moet dit as lot aanvaar en jou lewe voor hulle mag grensloos maak.

Om volgens jou lot te leef beteken jy moet die vloek van God in jou lewe aanvaar as jou lot. Dit is God wat vir jou sleg is en sleg wil wees, en daarom moet jy die geweld en mishandeling van goddeloses as jou lot aanvaar.

Om volgens jou lot te leef beteken dat jy aanvaar dat jy die ellende wat goddeloses oor jou bring as God se wil in jou lewe aanvaar omdat God nie in jou 'n vreugde het nie. Daarom moet jy armoede en honger aanvaar as jou lot en jou lewe inrig sonder die strewe om selfversorgend te wees.

Dit is die mag waaraan Israel hulle oorgegee het in alles wat hulle in die sterre gesien het – en met hierdie geloof in die sterre is hulle deur goddeloses verstrooi, verdruk, gebreek en gewond, en het hulle dit as hul lot aanvaar.

9. Het die reën wat hierdie week geval het en vanoggend terwyl ons hier erediens hou nog steeds val, ons lot verlig of is dit hoe God ons in sy troue liefde versorg en laat leef?

Wat sien u in die sterre? Wat sien u wanneer u na die sterre, die son, die maan, die wind, die wolke, die ryp, die sneeu en hael kyk? Sien u u lot of die sorg van God?

Wetenskaplikes dink hulle spot en maak die kerk belaglik wanneer hulle oor die sonnestelsel en heelal praat. Met die natuur wil hulle wys ons aanbid net 'n afgod! Dit terwyl al die wetenskaplikes toe hierdie Psalm gesê het sterre is nie gode nie, hulle almal geglo het dit is gode – dit is nou die destydse wetenskaplikes!

En vandag! Vandag sê hulle jy moet in die sterre jou lot sien! Wanneer hulle na die natuur kyk is hulle nou so slim dat hulle sê jy moet jou lot volgens die natuurkragte en magte aanvaar en jou lewe volgens jou lot inrig. Daar is nie 'n God wat met sy skepping jou versorg in sy troue liefde nie.

Kulkuns! Wat maak dat jy jou lot aanvaar wanneer die wetenskaplike priesters jou jou lot in die sterre wys? Die mag en geweld van die magtiges met hulle wapens, hulle tegnologie, hulle wetenskap, hulle massas en hulle kernkrag en magte!

Jy moet jou aan hulle mag en krag onderwerp wanneer jy na die sterre kyk en jou lot in die natuurkragte sien! Jouself oopstel, grensloos maak, jouself as deur God vervloek en gestraf sien en leef in die gebrek en ellende wat hulle oor jou bring as jou lot!

10. Vir hierdie kulkuns het die geestelikes van vandag 'n nuwe afgodsbeeld van Jesus gemaak! Dit is op die oomblik die mees gewilde afgod in die NG Kerk: die grenslose Jesus!

Jesus wat jou poorte vir almal laat oopmaak! Jesus wat jou grensloos maak sodat jy alles vir almal kan wees en alles wat jy is en het, jou aanspraak op opgee. Jesus wat jou onder sy vloek sal laat kom as jy nie die lot aanvaar wat die magtiges vir jou bepaal nie. Die grenslose Jesus wat jou leer hoe om te leef deur jou lot te aanvaar.

Die wetenskaplike Jesus is die afgod wat jou wys gehoorsaamheid aan God se wet onderdruk jou menswees en bedreig jou in jou menswees.

Ons kan nie! Ons kan nie na die sterre en en die reën kyk en ons lot aanvaar of net voel ons lot in net 'n beetje verlig nie.

Ons sien die troue liefde van God wat ons met alles in sy skepping versorg, ook met die mees harde en teenstrydige skeppingskragte soos snerpende koues en versengende hitte. Deur alles maak hy water wat vloei en sorg hy vir ons!

Kom ons lof Hom!

Kom ons gee openbare erkenning en eer vir Hom vir wat ons in die skepping sien – alles waarmee hy ons deur sy troue liefde sal versorg.

Kom ons gehoorsaam Hom in wat net ons in sy wet kan raaksien – voorskrifte en bepalings waarmee Hy ons binne die ritme van sy skepping laat leef.

Kom ons verwerp die kulkunstenaars wat ons na sterre wil laat kyk, na die natuur en net ons lot wil laat raaksien – ons sien God se sorg in sy troue liefde en elke deel van sy skepping as kragte waarmee Hy ons sal versorg. Daarom sien ons, en nie die wetenskaplike heidene nie, die goedheid van die voorskrifte en bepalings van sy wet.

Ons leef volgens sy wet, nie volgens die lot wat hulle ons wys en met hulle kragte en magte ons aan wil onderwerp nie. Wanneer ons ho so vertrou en ons lewe volgens sy wil inrig

sal Hy ons weer uit ons verstrooiing bymekaar maak!

sal Hy ons gebrokenheid heelmaak,

sal Hy ons wonde genees en

die goddeloses verneder!

Kom ons loof die Here en verbind ons aan sy bepalings en voorskrifte. Kom ons kyk na die sterre en die wolke en die son en sien sy sorg. Kom ons verwerp ons lot!